# LIGBRON

*Koshuishandleiding*

- Inligting aan koshuisouers
- Kiepersol Meisieskoshuis
- Seunskoshuise
- Algemene inligting vir alle nuwe gr8 koshuisleerders

KIEPERSOL BONSAI TAAIBOS KREMETART

## INLIGTING AAN KOSHUISOUERS

Dit is vir ons aangenaam om u as koshuisouer hartlik welkom te heet. Van nou af vorm ons saam met u ʼn span tot voordeel van ons kinders. Enige probleem wat mag opduik, kan gerus met ons gedeel word. Ons deur is altyd vir u oop.

Ons sien uit daarna om jou kind as deel van ons koshuisfamilie te ontvang. Hy/sy gaan baie gelukkig by ons wees. Hulle moet besef dat enige verandering in ʼn mens se lewe nie maklik is nie, en hulle mag vind dat die eerste kwartaal vir hulle moeilik gaan voel. Hou net uit, dit word al hoe beter en hy/sy gaan sommer gou ʼn ware LIGGIE word. Daar vind ook geen ontgroening plaas nie, en dit is slegs die verteenwoordigende leerlingraad wat hulle oriënteer om welkom te voel.

Ouers, neem asseblief kennis van die volgende reëlings wat getref word ter wille van goeie orde:

- Ouers moet die senior huisvader ten alle tye in kennis stel indien daar enige buitengewone reëlings getref word met u kind.
- Laat ons asseblief weet indien u kind nie terugkeer na ʼn naweek nie, bv. as gevolg van siekte.
- Alle leerlinge moet naweke huis toe gaan. Inwoning tydens naweke is slegs toelaatbaar vir leerlinge wat op ʼn betrokke naweek aan sportbyeenkomste of enige ander verpligte skoolaktiwiteite deelneem. Die inwoning sal dan gratis wees.
- Indien ʼn spesiale reëling met die koshuisvader getref is, sal inwoning oor ʼn naweek teen R500 per naweek kan geskied. Hierdie leerlinge moet op die Donderdag voor die naweek by die Kombuis inteken.
- Indien die leerling op ʼn Sondag terugkom, moet die gangvoog hiervan in kennis gestel word vir toesig doeleindes.
- Indien leerlinge gedurende die week mediese versorging benodig, sal ons personeel in samewerking met u, dit hanteer.
- Indien ʼn inwoner koshuiseiendom beskadig, sal die koste van die skade op sy ouers se rekening geplaas word.
- Koshuisreëls sal aan elke leerders voorsien word.
- Slegs leerlinge wat drie (3) maande voor die tyd kennis gee dat hulle die koshuis gaan verlaat, sal korting ontvang op koshuisgelde. Geen krediet sal op kort kennisgewing aan matriekleerlinge gegee word indien hulle die laaste kwartaal die koshuis verlaat nie.

Ons vertrou dat u kind se verblyf in ons koshuis baie aangenaam sal wees.

Groete
**HOOF**
**F.G. BRAND**

# Kiepersol

MEISIESKOSHUIS





Liewe Graad 8,

Ek weet op die stadium van jou lewe, is jy aan die een kant buite jou vel opgewonde oor wat voorlê vir jou, maar dit wat voorlê is onbekend en aan die ander kant is jy dalk bekommerd oor dit wat vir jou wag. Aanpassing is nooit lekker nie, dis ‘n feit.

Mens is geneig om in ‘n roetine te wees en dit wat bekend is eerste aan te gryp. Maar ek kan met vrymoedigheid sê dat verandering goed is en dat jy nog voor jy dit agterkom deel sal wees van waar Liewe Jesus jou wil hê.

Wees ‘n Liggie met die ingesteldheid dat alles wat moet gebeur definitief sal gebeur, maak jou hart oop vir verandering en aanpassing en ek belowe jou jy sal okay wees. Ons wat reeds hierdeur is, is enige tyd daar vir jou as jy wonder oor dinge en raad nodig het en gelukkig stop dit nie net daar nie, ons koshuisraad is verseker die meisies met die grootste harte en ons onderwysers was nog altyd net goed vir ons gewees.

Alles is wat jy daarvan maak, so wees jouself en onthou altyd**, JY IS NIE ALLEEN NIE.** Ek sien uit om jou deel te hê van my koshuis-familie**.**

Liefde
Koshuis hoofdogter
Ilne Grobler



**Voornemende Graad 8 Kiepersol-meisie**

Volgens die legende word daar vertel dat ‘n Kakie-wag tydens die oorlog onder ‘n groot ou boom aan die slaap geraak het. Toe hy sy oë oopmaak, kom die boeremagte reeds oor die rand van die berg gestap. “O Lord, please keep our souls underneath this tree tonight”, was sy desperate gebed- vandaar die benaming – KIEPERSOL.

Die dogterskoshuis van Ligbron Akademie vir Tegnologie word gekenmerk deur veral hul geloof in God, die kameradie tussen die dogters en ’n fyn balans tussen huislikheid en dissipline.

Die diens in die koshuis word behartig deur inwonende dames en die koshuismoeder. Die dogters word twee-twee in kamers ingedeel. Studietye word ingepas smiddae en saans. Daar word elke oggend en aand stiltetye gehou. Die veiligheid van ons Kiepersoldogters is prioriteit en ons kan u die versekering gee dat ons altyd die dogters se veiligheid eerste stel.

Ons sien werklik daarna uit om jou dogter deel te maak van die Kiepersol-familie.

Groete
Kiepersol Koshuismoeder
Rosaan Kapp



# MEISIESKOSHUIS PERSONEEL EN KONTAKBESONDERHEDE




| | |
|---|---|
| Me Rosaan Kapp (koshuismoeder) | 079 501 5887 |
| Me Nicole Viviers (ganghoof) | 060 928 4775 |
| Me Marelize Delport (ganghoof) | 074 271 3627 |
| Me Magdeli Bosman | 079 515 1064 |
| Me Cherice Purcocks | 083 843 2752 |
| Me Carinche Pretorius (Graad 8 voog) | 074 213 2237 |
| Me Lelanie Rosslee | 071 273 7676 |

# KOSHUISBESTUUR




- ❤Ilne Grobler (Koshuis hoofdogter)
- ❤Mia Engelbrecht
- ❤Ntando Sithole
- ❤Ruth Bowers
- ❤Senzekile Mdlalose
- ❤Zamokuhle Billa

# SEUNS-KOSHUISE

## KREMETART | BONSAI | TAAIBOS



**Liewe graad 8's**

Dis 'n nuwe begin vir julle almal. Ek onthou dat ek bang en onseker was aan die begin van graad 8 en jy voel dalk ook so.

Dit is normaal om bang te wees – vir nuwe aanpassings, nuwe mense en nuwe onderwysers.
Onthou, 'n nuwe begin is altyd goed. Dit beteken nuwe geleentheid vir groei, nuwe vriende en nuwe ervarings.
Ek gaan met julle eerlik wees, hoërskool kan "scary" wees, maar ek en die res van die koshuisraad is daar om jou te help en te ondersteun.

Gryp elke uitdaging en geleentheid aan. 'n Seun wat betrokke en besig is, pas gou aan en maak vinnig vriende.

Ons sien baie uit om saam met julle te werk in die nuwe jaar.
Ek hoop jy is net so opgewonde om Ligbron toe te kom, as wat ons is om jou te verwelkom.

Koshuis- groete
Koshuis Hoofseun
Janco Claassen



**WELKOM NUWE LIGGIES**

Navorsing dui daarop dat gelukkige mense meer aktief is, meer energie het, gesonder is en langer leef. As jy gelukkig is, lag jy baie, straal jy `n positiewe lewenshouding uit en gee jy vir ander om. Soek die waarde in `n negatiewe gebeurtenis. Ontwikkel vaardighede om moeilike situasies te hanteer. Dan sal jy ook meer empatie met ander se pyn hê. Dit is waaroor die lewe gaan en wat ons by Ligbron se koshuise vir elke leerling wil bied.

Baie geluk dat jy nou amptelik ʼn plekkie by een van Ligbron se 4 koshuise gaan inneem. Hier staan julle op die drumpel van "grootmens-word" en jou lewe lê soos ʼn oop boek voor jou. Dankie aan elke ouer en leerling wat ons die geleentheid bied om saam met julle aan 'n nuwe hoofstuk in die boek te mag skryf.

Hier by BONSAI, TAAIBOS, KREMETART en KIEPERSOL nooi ons jou om elke geleentheid aan te gryp, om elke ervaring in jou hart te dra en om alles wat mooi is te koester. By dié koshuise glo ons aan positiewe denke, want dit bepaal jou geluk.

- Kies dus om altyd positief te wees.
- Glo in jouself en ander
- Wees aanpasbaar
- Wees altyd dankbaar.

God het lankal reeds ons paaie bepaal, leef voluit en kom geniet jou tyd by die LIGGIES.

Die personeel en jou Liggie-familie kan nie wag om julle almal beter te leer ken nie.

Groete

Pierre van Wyngaard
Koshuisvader
0835382748



# KOSHUISPERSONEEL EN KONTAKBESONDERHEDE




**KOSHUISVADER – Pierre van Wyngaard - 083 538 2748**

| BONSAI | TAAIBOS | KREMETART |
|---|---|---|
| Gert Pretorious<br>(084 691 4990) | Duane Purcocks<br>(072 593 2583) | Gerhard Prinsloo<br>(084 425 4068) |
| Zack Bosman<br>(079 971 3770) | Gerhard Ebersohn<br>(082 695 2325) | Tiaan Rosslee<br>(079 250 6631) |
| Nickey Jv Rensburg<br>(079 695 4534) | Makabongwe Mathebula<br>(072 913 2811) | CJ du Toit<br>(082 854 0338) |

# KOSHUISRAAD




**BONSAI**
Zander Engelbrecht
Kevin Tusi

**TAAIBOS**
Tiaan Botha
Mason Malander

**KREMETART**
Divan Scheepers
Jurgens Bezuidenhout
Janco Claassen (Koshuis Hoofseun)

***ALGEMENE INLIGTING VIR ALLE NUWE GR8 KOSHUISLEERDERS***



# KONTROLE LYS

**VIR JOU KAMER:**

- Bybel
- Paslaken (enkelbed)
- Duvet en kussing
- Hangers
- Selfoonlaaier
- Toiletware
- Kombers
- Wasgoedsak
- Multiprop
- Skryfbehoeftes
- Haarrekkies en knippies
- Slot vir jou kas
- Handdoek
- Skoolklere
- Oefenklere
- Sosiale klere
- Badprop
- Toiletpapier

**VIR AL DIE EKSTRAS:**

- **Mediese besonderhede**
- **Medikasie**
- Gaatjiepons
- Krambinder
- Koffiebeker
- Sporttoerusting
- Sonblok
- Multivitamien
- Lekkernye
- Sakgeld
- Stortplakkies
- Musiekinstrumente, indien jy dit bespeel.
- Waterbottel
- Skoenborsel en -politoer
- Skooltas
- Handbesem en skoppie

**DIE KOSHUIS HET REEDS DIE VOLGENDE:**

- Ingeboude kas
- Bed
- Matras
- Spieël
- Blindings
- Wi-Fi (teen minimale koste)

# SOSIALE AKSIES

Koshuispret word per kwartaal beplan en sluit geleenthede soos die volgende in:

- Fliek aande
- Serenade
- Worsbroodjie-aande
- Koshuissokkies



# KOSHUISREëLS

Koshuisreëls is noodsaaklik vir die handhawing van goeie dissipline. Elke leerder sal 'n dokument ontvang met die koshuisreëls. Die reëls is daar om orde in die werking en funksionering van die koshuis te verseker. Dit is vir ons prioriteit dat leerders se gedrag altyd van hoogstaande gehalte is.

**OPMERKING VAN DIE KOSHUISVADER**
'n Mens raak gou gewoond aan die reëls. Dit is daar om jou te beskerm en om jou lewe ordelik te laat loop tussen baie mense.
Die groot reël is: "Gedra jouself". Jy sal dan vind dat jy baie gelukkig by ons sal bly.



# DAAGLIKSE ROETINE

| | | |
|---|---|---|
| **OPSTAAN** | : | 06:00 |
| **INSPEKSIE** | : | 06:25 |
| **STILTE: OGGEND** | : | 06:30 |
| **ONTBYT** | : | 06:45 |
| **UIT KOSHUIS** | : | 07:10 lui klok, 07:15 uit |
| **MIDDAGETE** | : | 13:55 |
| **MIDDAGSTUDIE** | : | 14:30 – 15:15 (Eksamens word gereël) |
| **BAD** | : | 16:45 |
| **AANDETE** | : | 17:45 |
| **AANDSTUDIE** | : | 18:30 – 20:00 |
| | | 20:30 – 21:30 |
| **STILTE** | : | 21:50 – 22:00 |
| **LIGTE UIT** | : | 22:00 |

DAAR KAN AFGEWYK WORD VAM BOGENOEMDE TYE MET TOESTEMMING EN IN OPDRAG VAN HUISVADER EN –MOEDER.



# WEEKLIKSE AKTIWITEITE

| | | |
|---|---|---|
| **MAANDAG** | | Sport oefening |
| **DINSDAG** | | Sport oefening |
| **WOENSDAG** | | Poedingdag en dorpsdag in skoolklere |
| **DONDERDAG** | | Sportoefening, LCA |
| **VRYDAG** | | Huis-toe-gaan-tyd |

Daar is pouses broodjies in die eetsaal beskikbaar vir alle koshuisleerders.

## INBLY NAWEKE:

Leerders mag onder **GEEN** omstandighede naweke in die koshuis bly nie. Daar word wel vergunning gemaak tydens sportnaweke of verpligte ekstra-klasse. Indien jy Vrydae middagete wil eet, moet jy reeds op 'n Donderdagoggend tydens ontbyt inteken.

# KOSHUIS BUSVERVOER



Ligbron beskik oor busvervoer op verskeie roetes vir koshuisleerders se gebruik. Vind die roete wat u pas en bespreek buskaartjies by die finansiële kantoor.

Busse vertrek Vrydae om 13:15 vanaf die parkeerarea voor die krieketakademie.

***Hierdie roetes is onderhewig aan verandering***

**Busroetes:**

Amersfoort
Volksrust
Badplaas
Carolina
Swaziland
Amsterdam
Panbult
Piet Retief
Standerton
Bethal
Secunda



# KOSHUISFOOIE

Alle finansiële sake word met Me Tinkie in die finansiële kantoor gereël.

**LIGBRON**
**Koshuisgelde vir 2025**
*(Streng vooruitbetaalbaar)*

| | | |
|---|---|---|
| Per maand (Februarie tot November) | R | 3 750.00 |
| | | |
| Eerste Kwartaal | R | 11 250.00 |
| 860.00 | | |
| Tweede Kwartaal | R | 11 250.00 |
| Derde Kwartaal | R | 11 250.00 |
| Vierde Kwartaal | R | 7 500.00 |
| **TOTAAL** | **R** | **41 250.00** |

**BANKBESONDERHEDE: KOSHUIS**
Nedbank Takkode: 146 805 Ermelo
Koshuisrekeningnommer: 146 802 8278